

DIE BYBEL

in 'n neutedop

Nahum

—deur Peter Hammond

“Die HERE is goed, 'n toevlug in die dag van benoudheid, en Hy ken die wat by Hom skuil.” Nahum 1:7

Wie is Nahum?

Nahum staan bekend as 'n Elkosiet, uit die Tien Noordelike Stamme van Israel, wat deur die Assiriese koning, Salmaneser, in ballingskap gedepoteer is. As 'n afstammeling van die vlugtelinge uit die Noordelike Koninkryk van Israel wat hulle in Galilea gevestig het, het Nahum in dieselfde omgewing as Jona grootgeword. Nahum het nooit vanaf sy missie na Ninevé teruggekeer nie. Sy graf kan vandag nog op die Wesbank van die Tigrisrivier gevind word. Nahum beteken vertrooster.

Ongeveer 150 jaar nadat Jona na Ninevé gestuur is, het Nahum 'n “klag teen Ninevé” gelewer (Omtrent 630 v.C.). In die boek Jona sien ons dat die Here die mag van die natuur beheer. In die boek Nahum sien ons dat die Here beheer het oor die magte van die geskiedenis.

Om die tye te verstaan

Nahum voorsien ons van 'n noodsaaklike sleutel om die verlede, hede en die toekoms te verstaan. Gebeure is nie maar net lukrake insidente nie. Elke aspek en rigting wat die

bly (Nahum 1:3). Geregtigheid moet geskied. Boetedoening vir sonde is noodsaaklik.

Wanneer is Nahum geskryf?

Nahum is geskryf ná die oorwinning oor Thebe (663 v.C.) en voor die val van Ninevé (612 v.C.), tussen 660–650 v.C. in die dae van koning Manasse van Juda.

Die bevryding van Jerusalem

Gedurende die bewind van koning Hiskia het Sanherib Jerusalem beleër, maar die Engel van die Here het die stad bevry deur die 185 000

Ons sien in die boek Nahum dat God die magte van die geskiedenis beheer. Niks glip deur Sy vingers nie, en alles het gevolge; Die Here het beheer oor alle tye heen.

geskiedenis inslaan, word bepaal deur die wil, doel en krag van God. Alles het gevolge.

Die Here is Soewerein

God, die Ewige Regter, het universele heerskappy oor al die koninkryke van die wêreld. Hy is die Koning van die konings en die Here van die heersers. As die heilige, verbondsgetroue God, verwag Hy, en begeer en vereis Hy, onverdeelde lojaliteit en gehoorsaamheid van die Almagtige God, en skending van Sy wette het onvermydelik ernstige gevolge.

Versoening is noodsaaklik

God se geduld moet nooit as swaakheid vertolk word nie. Sonde kan nie ongestraf gelaat word nie; nóg sal persoonlike of nasionale sonde ongestraf

Assiriese manskappe wat die stad omsingel het om die lewe te bring. Nahum was getuie van die beleg van Jerusalem en die wonderbaarlike verlossing (soos beskryf in 2 Konings 19).

Die grootste stad in die antieke wêreld

Ninevé was die hoofstad van die Assiriese Ryk wat vir die vernietiging van Israel verantwoordelik was. Ninevé is kort ná die Vloed deur Nimrod gevestig. Dit is 300 km noord van Babilon, en teen 900 v.C. was dit 'n wêreldmag. Die Assiriese Ryk was magtig en gewelddadig en het geteer op die bloed van die nasies (Nahum 2:11-13).

Die groot stad, Ninevé, het oor 'n gebied van ongeveer 48 km lank en 16 km breed gestrek. Dit is deur vyf mure en drie gragte verskans, wat met die dwangarbeid van ontelbare buitelandse gevangenes en slawe gebou is.

Die Vernietiging van Ninevé

Die Babiloniërs en die Mede het in opstand gekom teen die Assiriërs, en Ninevé beleër. Ná twee jaar intense beleëring, het 'n skielike oorstroming van die rivier 'n gedeelte van die skansmuur weggespoel, en het alles presies verloop soos Nahum dit verbeeld het: *“Die poorte van die riviere word oopgemaak, en die paleis smelt weg...”* Hoor, die sweep! En hoor, die gedreun van wiele! En perde wat jaag, en waens wat stamp! Ruiters op 'n galop en geglinster van swaarde en geblits van spiese! En 'n menigte wat verslaan is, en hope dooies en geen einde aan die lyke nie...”, dit alles het gebeur presies soos die profeet Nahum in sulke duidelike en skokkende detail beskryf het. *“...die poorte van jou land is wyd oopgemaak vir jou vyande, die vuur het jou grendels verteer.* Nahum 3:13



Die kern van die stad, geleë aan die sameloop van die Tigrus- en Kosterrivier, was beskut deur 30 m hoë mure met 'n omtrek van 12 km wat breed genoeg was vir vier strydwaens om langs mekaar te ry.

God het Ninevé se graf laat maak

Dit is vreesaanjaend wanneer die Almagtige God sê: *“Kyk, Ek het dit teen jou...”* Nahum 3:5. *“Ek sal vir jou 'n graf maak, want jy is te lig bevind.”* Nahum 1:14. Die algehele vernietiging van Ninevé was so allesomvattend dat selfs die ligging daarvan vergete geraak het. Toe Alek-

manuskripte bevestig op merkwaardige wyse die profesieë van die Bybel.

Hoogmoed kom voor die val

Toe Nahum sy skokkende profesie van dreigende verwoesting gemaak het, was Assirië op die kruin van sy mag. Sy grense het tot by Egipte gestrek. Nahum beeld duidelik uit wat God met bese, wrede en genadelose mense kan doen. Hy sal hulle heeltemal vernietig. Die reaksie van die mense van Ninevé op Jona se boodskap – hulle bekering – het hulle stad generasies lank gespaar. Nietemin het die

skuiwende sand van die woestyn.

Regter en Vader

Die boek Nahum openbaar die geregtigheid van God. Hy moet alle misdaad wreek. In Nahum 1 sien ons God is die Ewige Regter en die liefdevolle en barmhartige Vader. Sy oordeel is beide vergeldend en verlossend. Hy vernietig Sy vyande, maar Hy verlos Sy volk. As »

God is die Ewige Regter – beide vergeldend en verlossend, maar Hy is ook 'n liefdevolle en barmhartige Vader. Hy vernietig Sy vyande, maar Hy verlos Sy volk.

sander die Grote die beroemde Veldslag van Arabella (313 v.C.) naby die ligging van Ninevé geloods het, het hy nie eens geweet dat daar voorheen 'n stad was nie. Alle tekens van die glorieryke Assiriese Ryk het so geheel en al verdwyn sodat baie geleerdes gewonder het of verwysings daarna in die Bybel nie maar mities is nie.

Die opgrawings van Ninevé

In 1820 het die Engelse argeoloog, Claude James Rich, die ruïnes van Ninevé opgegrawe. In 1845 het Layard die ruïnes van die manjifieke paleis van Sanherib blootgelê. Rassam en Rawlinsong (1852-1854) het ander argeologiese ontdekkings gemaak, insluitend die beroemde biblioteek van Assurbanipal, met sy 100 000 volumes.

Baie van daardie skatte is nou in die Britse Museum. Hierdie argeologiese ontdekkings en

Assiriërs weer na hulle afgodery, gewelddadigheid en verwaandheid teruggekeer. God het die Babiloniërs, met hulle rooi uniforms en rooi skilde, opgerig om die Assiriërs op die hoogtepunt van hulle mag te vernietig. Die grag rondom Ninevé, wat 30 m wyd en 20 m diep was, kon die vloedgolf vernietiging nie stuit nie. Die rykste stad van die wêreld van daardie tyd, is geplunder en verbrand. Dit het in puin verval, begrawe onder die ver-



DIE BYBEL

in 'n neutedop

Nahum



“'n Jaloerse God en 'n wreker is die HERE... en vol grimmigheid; 'n wreker is die Here vir Sy teëstanders, en Hy behou die toorn teen Sy vyande.” Nahum 1:2

'n Regter is God jaloers, wraaksugtig, woedend, vol toorn, en magtig. Hy sal die goddelose nie vryspreek nie; Hy is grimmig oor sonde (Nahum 1:6). Maar, as barmhartige Vader is God goed, traag om kwaad te word, 'n vesting op die dag van onheil, en Hy ken dié wat op Hom vertrou (Nahum 1:3,7).

Die Dag van die Here

Die dag sal aanbreek wanneer die hele wêreld God se toorn in die gesig sal staar. Die boek Openbaring praat van 'n dag wanneer mense eerder deur 'n aardbewing verswelg sal wil word, of sal uitroep dat die berge op hulle moet val om hulle van die toorn van God te be-

behels altyd 'n ramp vir die vyande van God, maar bevryding vir Sy getroue diensknegte.

God is jaloers

Die Here word beskryf as 'n jaloerse God. *“'n Jaloerse God en 'n wreker is die HERE, 'n wreker is die HERE, en vol grimmigheid; 'n wreker is die HERE vir sy teëstanders, en Hy behou die toorn teen Sy vyande.”* Nahum 1:2. God is 'n jaloerse God. Hy is nie afgunstig nie. Afguns is om iets te begeer wat aan iemand anders behoort. Jaloesie is om te wil hê wat regmatig joune is. Jy kan dalk afgunstig wees oor iemand anders se vrou. Dit is sonde. Maar dit is nie sonde om jaloers te wees oor jou eie vrou nie.

Tog is God die Leeu, en niemand kan Sy mag teenstaan nie.

Die gevolge van Ninevé se boosheid

Nahum hoofstuk drie verduidelik hoekom Ninevé verwoes sal word: Korrupsie, diefstal, plundering, omkoperij, wreedheid, onsedelikeit, afgodery en towery. *“WEE die bloedstad wat louter bedrog, vol geweld is, terwyl rowery nie ophou nie...Weens die veelheid van die hoererye van die hoer vol bevalligheid, 'n meesteres in towerkunste, wat nasies met haar hoererye verkoop het en volkstamme met haar towerkunste. Kyk, Ek het dit teen jou, spreek die HERE van die leërskaer.”* Nahum3:1-5.

Die slagoffers van Ninevé sal verheug wees

Ninevé was 'n verwaande, bose, bedrieglike mag, gewetenloos in sy hunkering na buit. Onderduims en demonies in sy verraad van nasies, sy toegee aan onsedelikeit en okkultisme. *“Daar is geen herstel vir jou verbreking nie; jou wond is ongeneeslik; almal wat die tyding omtrent jou verneem, slaan hulle hande saam oor jou; want oor wie het jou boosheid nie voortdurend heengegaan nie?”* Nahum 3:19.

Ons is aan God aanspreeklik

Ons lewe in 'n morele heelal wat beheer word deur 'n God wat uiteindelik alle verkeerdhede sal regstel. Hy sien alles. Geen misdaad kan ongestraf bly nie. God is nie bysiende nie. Hy kan sonde nie oor die hoof sien nie. Hy verdra nie boosheid nie. Hoogmoed kom altyd voor die val. Ons is almal aan God aanspreeklik vir die wyse waarop ons Sy skepsels en mekaar behandel. Niemand kan aanspreeklikheid aan ons Skepper en Ewige Regter ontwyk nie.

Hoogmoed lei altyd tot 'n val. Ons is almal aan God aanspreeklik vir die wyse waarop ons Sy skepsels, en mekaar, behandel. Niemand kan aanspreeklikheid teenoor ons Ewige Regter ontwyk nie.

hoed. Nahum maak bekend dat God aan elke nasie sy plek in tyd en ruimte toeken. Nasies word toegelaat om opgang te maak en dit is God wat prinse toelaat om aansien te verwerf en dit is Hy wat hulle tot 'n val sal bring. Diegene wat hulleself vyande van God maak, sal deur Hom vernietig word. Goddelike ingryping

God is jaloers oor Sy Naam, Sy volk, en Sy skepping. God sal diegene vernietig wat Sy skepping en Sy volk vernietig.

Die Struktuur van die boek Nahum

- Hoofstuk 1 handel oor die 'Wie'? Die Karakter van God. Onoorwinlik
- Hoofstuk 2 beskryf hoe Ninevé vernietig sal word; die inval
- Hoofstuk 3 beskryf hoekom Ninevé geoordeel sal word; onreg.

Die eerste hoofstuk van Nahum is 'n akrostiese gedig, waarin elke vers begin met die volgende letter van die Hebreeuse alfabet. Hoofstuk een verkondig dat Ninevé sal val.

Hoofstuk twee beskryf hoe dit sal val. Die leeu was die nasionale embleem van Assirië.

God sal Sy vyande vernietig

God is vir seker die vernietiger van Sy vyande en die beskermmer van Sy mense. Assirië het gelieg, geplunder, gesteel en verraai. Sy afgode kon hom nie beskerm nie. Ninevé sal beskaamd en verag wees. Ninevé is 'n voorbeeld van al die nasies wat hulle rug op God draai. Baie nasies vertrou arrogant op hulle eie ekonomiese of militêre mag, maar hulle vergeet dit is...*“nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskaer.”* Sagaria 4:6

God sal alle dinge regstel

As kinders van God is ons nie immuun teen moeilikeit en verdrukking nie. Ja, God se mense ly wel onder onreg, vervolging en verdrukking, maar die dag sal aanbreek wanneer God alle dinge sal regstel. Die koninkryk behoort aan die Here, en alle mense van elke nasie is getrouheid aan die Koning van die konings verskuldig.

Die noodsaaklikheid van die Kruis

In die visie van die boek Nahum, kan ons die noodsaaklikheid van die Kruis van Christus sien. Hy moet sonde straf. Geregteerdheid moet geskied. In Christus het God die sondes van Sy volk op Homself geneem, en ons skuld ten volle met Sy Bloed betaal. Diegene wat hulle lewe aan Christus oorgee, se sondes kan weggewas word. Diegene wat Christus verwerp en in hulle rebellie teen die Almagtige God volhard, sal God se toorn op die oordeelsdag in die gesig moet staar. Enige mens, of nasie,

Ninevé se algehele verwoesting is voorspel. Die einde daarvan was skielik en tragies – die gevolg van God se oordeel oor Assirië se rebellie.

wat God doelbewus en volhardend verwerp en Sy Wet oortree, kan seker wees van Sy veroordeling.

'n Onbetroubare stad

Kapernaum (die stad van Nahum) was so bevoorreg dat die Here Sêlf in hulle strate en huise onderrig gegee, en mense genees het. Nietemin het die Here Jesus gesê dat dit op die oordeelsdag vir Sodom en Gomorra draagliker sal wees, as vir Kapernaum. Van elkeen aan wie baie gegee is, word baie verag. Aan wie baie meer toevertrou is, van hom word veel meer verag. Kapernaum het die Here verwerp, en daarom is dit, soos Ninevé, ook in puin.

Ninevé sal ons tereg wys

Jesus het die nasie van Juda tereg gewys deur te sê dat Ninevé se inwoners in die oordeel sal opstaan en hulle sal veroordeel, omdat die mense van Ninevé hulle op die prediking van Jona bekeer het; en Jesus is inderdaad groter as Jona. *“Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel.”* Matthéüs 12:41.

'n Goeie tyding

Lukas 1:19 en Romeine 10:14-15 haal dié gedeelte uit Nahum aan: *“Kyk, op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede laat hoor...!”* Nahum 1:15. ■

DR PETER HAMMOND is 'n sendeling, Bybel-leraar en outeur. Skakel 021 689 4480; of sien www.frontline.org.za; mission@frontline.org.za

